

Sing vooraf staande: Psalm 142:3, 4 (p. 686) (op die melodie van Ps 134)

- 3 Na regs wend ek my oë – en / daar's niemand wat my nou wil ken;
Daar's nou vir my geen toevlug meer, / en niemand sorg vir my, o HEER!
- 4 Wat dan? Ek wend my tot U heen; / U is my skuilplek, U alleen.
U is, so lank ek leef, my deel, / dié God aan wie ek my beveel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 135:1, 2, 3 (p. 655)

- 1 Prys die Naam van onse HEER! / Hef tesaam die lofsang aan!
Loof sy goedheid, gee Hom eer, / al wie in sy voorhof staan!
Loof Hom by die heugenis / van sy Naam wat lieflik is.
- 2 Loof die HEER se goedheid luid, / al wie in sy voorhof kom!
Want Hy kies vir Jakob uit, / Is'rel tot sy eiendom.
Bo al wat die mens vereer – / groot, dit weet ek, is die HEER.
- 3 In die hoogte sit die HEER; / daar doen Hy wat Hom behaag;
Hy stuur sy bevele neer, / en sy wil geskied omlaag.
See en aarde luister stil, / met die dieptes, na sy wil.

Gebed

Skrifberyming 17-2:5, 6, 7, 8 (18:5, 6, 7, 8) melodie Ps 45

- 5 Kom dan tot My, o almal wat / vermoeid is en so swaar belas,
Ek gee 'n rusplek vir die voet / waarvoor daar nêrens rusplek was;
- 6 verligting vir die skouer wat, / deur druk gemartel en gepla,
en onder lewensorge krom, / 'n altyd swaarder las moet dra.
- 7 Maar leer: dat Ek sagmoedig is, / en dat Ek needrig is van hart.
Dan sal jul rus vind vir jul siel / en vrede by die wreedste smart.
- 8 En dra my juk: die juk is sag, / wat nooit gedruk het of geknel;
en dra my las: die las is lig, / wat nooit gekneus het of gekwel.

Skriflesing: Hosea 11:1-11

Kernverse: Hosea 11:10-11

Hulle sal die Here volg! Hy sal brul soos 'n leeu en wanneer Hy brul, sal sy kinders vol ontsag uit die weste kom. Vol ontsag sal hulle soos voëls uit Egipte vlieg en soos duiwe uit Assirië.

Ek sal hulle na hulle neste toe terugbring, sê die Here.

(Hosea 11:10-11 AFR83)

Tema: Wat gaan jy nou doen?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons het vanoggend die heerlike belewenis gehad van die Here se liefde vir jou en my. Ons het gehoor hoe lief die Here ons het. Ons het dit hier aan die tafel in die tekens van brood en wyn ook gesien en geproe hoe lief die Here regtig vir ons is. Ek vertrou dat elkeen van ons opnuut besef hoe hartstogtelik lief die Here regtig vir ons is. Sy liefde vir ons het Hom, om dit so te stel, in twee geskeur. Omdat God regverdig is, kon Hy nie maar net ons

misdade oorsien nie. Die straf op die sonde moes voltrek word, want ons God is heilig en getrou aan sy eie woord. Maar die Here kan dit ook nie oor sy hart kry om sy kinders te vernietig nie. Daarom het Hy, ons Here Jesus Christus, self die hoë prys kom betaal. In die plek van sy broers en susters – in jou en in my plek – het Jesus aan die kruis gesterf sodat daar aan sy Vader se regverdige eis voldoen kon word. Die Here ons God het die straf op die sonde op sy Seun voltrek.

In Hosea hoor ons hoe ons heilige God die volledige voltrekking van die vonnis oor sy volk van ouds vir eers teruggehou het. Israel moes eintlik soos Adma en Sebojim geheel en al van die aarde af verdwyn het oor hulle sonde. Maar die Here het daardie volledige en verskriklike gloed van sy toorn bedwing sodat Hy dit later op Jesus Christus kon uitstort. As Seun van God is Jesus die enigste Een wat hierdie straf kon dra en almal wat aan die Here behoort van hulle sonde verlos.

Is dit nie oorweldigende liefde nie? Is ek en jy oorweldig met hierdie liefde van die Here vir ons? Of onthou is dit maar net solank as wat die smaak van die brood en wyn nog in ons monde is? Broers, susters en kinders, as ons maar net so lank gaan onthou hoe baie lief die Here ons regtig het, dan is ons harte nog nie omgekeer deur die liefde van die Here nie. Maar ek wil dit tog waag en sê dat ons vir altyd gaan onthou hoe baie lief die Here ons het, want elkeen het deel gehad aan die nagmaal, die wat aan die tafel gesit het en diegene wat met hulle oë en ore alles gevolg het. Ons het onself immers ook tydens die nagmaal voorgeneem om met ons hele lewe dank aan God te bewys.

Broers, susters en kinders, kom ons volg die Heilige Gees wanneer Hy ons vanaand in hierdie teks inlei. Dan sal ons agterkom waarvoor die Here hierdie oorweldigende liefde aan sy volk van destyds en aan ons vandag betoon het.

Ons weet dat die Here nie vir Assirië in sy spore gestuit het toe hulle al op pad was om die stede van Israel te verwoes en die inwoners van die land met oorlog te verteer nie. Soos 'n liefdevolle pa sy kind tugtig met 'n hart wat saam met die kind huil wat getugtig word, so het die Here sy volk getugtig. Maar in sy almag het Hy Assirië daarvan weerhou om sy volk tot niet te maak. Hulle moes geslaan word, maar hulle mag nie doodgeslaan word nie.

Die oorblyfsel van Israel wie se harte met die liefde van die Here omgekeer is, **sal die Here volg!** (Hosea 11:10 AFR83). Dit is nie die eerste maal wat die Hosea hierdie toekomsblik van Israel gee nie. Baie vroeër in hierdie profetiese boek het die Here dit al gesê. Israel sal weggevoer word in ballingskap en dan sal hulle vir 'n lang tyd sonder 'n koning en amptenare en sonder offers moet klaarkom.

Daarna sal die Israeliete hulle bekeer. Hulle sal vra na die wil van die Here hulle God, en hulle sal hulle koning Dawid aanhang. Hulle sal vol eerbied terugkom na die Here toe en na die oorfloed wat Hy in die toekoms sal skenk.

(Hosea 3:5 AFR83)

Hierdie profesie het die Here gedeeltelik in vervulling gebring met die terugkeer van die oorblyfsel van Israel saam die oorblyfsel uit die stamme van Juda en Benjamin in die dae van die priester Esra en die goewerneur Nehemia. Die volle vervulling van hierdie profesie is steeds besig om 'n werklikheid te word, vandag nog, soos ons nou verder sal sien.

Luister hoe die Here weer sy volk na Hom toe roep.

Hy sal brul soos 'n leeu ... (Hosea 11:10 AFR83)

Ons bely dat die Here ons met sy Woord na Hom toe roep. Dit is met die evangelie wat mense tot geloof in Jesus Christus geroep word. En as die evangelie van Jesus Christus verkondig word, is dit niemand anders nie as ons Here Jesus Christus self wat mense na Hom toe roep sodat hulle deur Hom by die Vader kan uitkom.

Jesus Christus, die Lam van God wat vir ons sondes geslag is, word ook genoem **die Leeu uit die stam van Juda** (Openbaring 5:5 AFR83). En die evangelie van Jesus Christus is aan die begin in die wildernis gehoor. Johannes die Doper was soos een wat roep in die woestyn. En op die verkondiging van die evangelie het die mense na Johannes toe aangestroom. Wanneer die Here Jesus mense roep, word sy stem ver gehoor soos die gebrul van 'n leeu in die veld. Sy stem is 'n magtige stem wat nie ongehoord verbygaan nie. Almal hoor sy stem, almal hoor dat Hy die enigste volmaakte Verlosser is. Hy is die een in wie God se liefde vir mense konkreet gemaak is.

Baie hoor die stem van die Leeu. Baie hoor die evangelie van Jesus Christus, maar nie almal luister daarna nie. Die mense wie se harte egter omgekeer is deur die liefde van die Here reageer. Luister hoe reageer hulle:

wanneer Hy brul, sal sy kinders vol ontsag uit die weste kom. Vol ontsag sal hulle soos voëls uit Egipte vlieg en soos duiwe uit Assirië.

(Hosea 11:10-11 AFR83)

Wie aan die Here behoort, wie 'n kind van die Here is, kan nie anders as om te reageer nie.

Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie? (Amos 3:8 AFR53).

Geliefdes, dit is immers die uitwerking wat die Here se liefde op bekeerde mense het. Die Heilige Gees laat verlore mense sê: Here, ons wil by U bly. Verlore mense sê: Heilige Gees, help ons om al agter die goeie Herder aan te loop, help ons om nooit van sy spoor af weg te dwaal nie sodat ons ook saam met al die ander kinders van die Here in die Vaderhuis kan ingaan.

Deur die liefde van die Here was Israel se ore fyn ingestel om die stem van die Here te hoor. En toe Hy soos 'n leeu gebrul het, was daar by hulle geen twyfel agter wie hulle moes aangaan nie. Vanuit elke windstreek het die oorblyfsel van Israel teruggekeer na die Here toe, want by Hom, het hulle gewet, is hulle volkome veilig. Ons verstaan dat Israel uit Egipte en Assirië teruggekom het na die Here toe toe Hy hulle na hulle land en na Hom toe teruggeroep het. Israel was immers na Assirië toe weggevoer in ballingskap. En sommige van hulle was weens die oorlog vlugteling in Egipte. Maar wie is die kinders wat vol ontsag uit die weste kom as die Leeu brul?

Broers, susters en kinders, dit is die profesie wat vandag nog vervul word. Oral waar die evangelie van Jesus Christus verkondig word, oral waar die brul van die Leeu uit die stam van Juda gehoor word, is daar kinders van die Here wat reageer. Hulle is die kinders van die Here uit elke volk, taal, stam en nasie van wie ons lees in die boek Openbaring. Dit is onder andere ook ons wat deur die Heilige Gees sensitief gemaak is vir die liefde van die Here in Jesus Christus. Dit is die mense aan wie ons weer die stem van Jesus Christus gaan laat hoor en vir wie die Heilige Gees die geloof in Jesus Christus gee.

Dit is tog goed dat ons mooi moet oplet hoe Israel na die Here teruggekeer het. Twee maal in ons kernverse staan daar: Hulle het *vol ontsag* na die Here teruggekeer. In die ouer vertaling: Hulle het *al sidderende* teruggekeer na die Here. Ware bekering tot die Here, regtig terugkeer na die Here toe, is nie oppervlakkig nie. As die mens se hart nie verander is nie, beteken om behoue uit die oordeel te kom dat die mens net weer gaan doen wat hy en sy in die verlede gedoen het. Daar moet hartgrondige bekering kom.

Hierdie Israeliete wat na die Here teruggekeer het, het met hulle eie oë gesien hoe verskriklik die Here se oordeel oor die sonde is. Baie van hulle landgenote wat hulle nie tot die Here bekeer het nie, is deur die Assiriërs doodgemaak. Baie van hulle landgenote het in die ballingskap as slawe

gestorf. Maar aan hulle wat oorgebly het, het die Here sy genade geskenk om te bly lewe en te bly glo. Hulle is tot in hulle siel oorweldig met die liefde van die Here.

Geliefdes, ons het juis in die tekens van die brood en die wyn gesien hoe verskriklik die Here se oordeel oor ons sondes is. Jesus Christus het helse pyn en smart en bange Godverlatenheid gely toe Hy uitgeroep het: **My God, my God, waarom het U My verlaat?** (Matteus 27:46 AFR83). Vir jou en my het Christus hierdie lyding deurgegaan omdat die Here jou en my hartstogtelik liefhet. Iemand wat hierdie liefde van die Here vir hom en haar besef, sal nie anders kan as om met eerbied en ontsag die Here al die dae van sy lewe te volg nie.

Geliefde broer en suster en kind, ek en jy wat hierdie nagmaal beleef het, wat gaan ons nou doen? Gaan ons maar aandrentel soos voorheen? Gaan ons nog 'n bietjie talm voordat ons daadwerklik die Here Jesus op sy voetspoor gaan volg? Of gaan ons maak soos wat die Here hier sê eintlik behoort te gebeur:

Hulle vlieg soos voëls uit Egipte en soos duiwe uit Assirië (Hosea 11:11 AFR83).

In my geestesoog sien ek hoe daardie voëls se vlerke teen honderd kilometer per uur fladder om hulle bestemming te bereik. Die duiwe swiep teen 'n hoë snelheid deur die lug om uit te kom waar hulle behoort te wees. Daar is nie meer tyd om nog hierheen of daarheen te dartel nie. Die Leeu het gebrul en elkeen wie se hart met die liefde van die Here omgekeer is, wil nou by die Here wees. Hulle wil Hom nou volg en saam met Hom wandel.

En waarheen roep die Here sy volk toe terug?

Ek sal hulle na hulle neste toe bring, sê die Here (Hosea 11:11 AFR83).

Vir die oorblyfsel van Israel het die Here inderdaad teruggebring sodat hulle in hulle huise kan woon. Maar dit gaan oor meer as net hulle eie huise. Dit gaan daarvoor dat die Here sy volk by Hom wil hê waar hulle so tuis kan wees soos in hulle eie huise.

Wanneer Jesus Christus ons met sy evangelie na Hom toe roep, roep Hy ons en almal in sy kerk in. Dit is tog wanneer ons deel van die kerk van die Here is dat ons naby aan die Here is, want Hy noem self die kerk sy liggaam waarvan Hy die Hoof is. Dit is hier binne-in die geloofsgemeenskap waar die Here ook wil hê ons tuis moet wees soos wat 'n mens tuis is in jou eie huis. Niemand mag onwelkom voel of beleef dat ander hom snaaks aankyk asof hy nie hier hoort nie. Mag die Heilige Gees ons daarom so verander dat ons elkeen wat vreemd hier by ons kom omdat hy die gebrul van die Leeu gehoor het, laat tuis voel en die liefde van die Here beleef.

Maar die kerk hier op aarde is nog nie ons uiteindelijke bestemming nie. Die aarde soos dit nou nog is, is maar net ons tydelike woonplek. Die mense wat aan die Here behoort, het 'n ewige woonplek wat Jesus Christus vir ons gereedmaak. Hy wil ons uiteindelik by Hom voor sy Vader hê. En die Heilige Gees het ons ook hierdie verlange vanoggend laat uitspreek. Die fees van die nagmaal laat ons immers met groot verlange uitsien na die bruilofsmaal van die Lam. Want ons weet, wanneer daardie dag aanbreek, sal die Leeu uit die stam van Juda en ons, die lammers in sy kraal, langs mekaar loop. Dan mag ons in die heilige teenwoordigheid van die Here Jesus en sy Vader wees.

Geliefdes, mag die liefde van die Here waarvan die Heilige Gees ons vanoggend weer verseker het, die egte liefde van die Here vir jou en my, ons dring om al nader en al gouer naby Hom te leef. En mag Hy ons gebruik om die stem van die Leeu uit Juda nog verder te laat hoor sodat elkeen wie se naam in die boek van die lewe opgeskryf is, saam met ons daar sal wees wanneer ons Koning Jesus Christus verskyn.

Die Here het ons weereens van sy oneindige groot liefde verseker. In die nagmaal het ons daardie liefde gesien en beleef. Wat gaan ons nou doen?

Amen!

Slotgebed

Psalm 138:1, 3, 4 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die godeⁱⁿ psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

- 3 Dan breek hul saam in sangstem uit; / 'n lofgeluid klink U dan teë.
Want groot is God in heerlijkheid; / sy majesteit in al sy weë.
Hy slaan, hoewel oneindig hoog, / op hul die oog wat needrig lewe.
Maar sien van ver die kleinheid aan / van grootheidswaan wat hoog wil strewe.

- 4 As in my angs en teespoed / die krag en moed my wil begewe,
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
26 Augustus 2012